Desember 2021

# Stellenberger

## Skenk ons 'n helder Somerkersfees

Deur: Sanèl Joubert



**Met die intrap in 2021 is ons met 'n verbod op die genieting van strande, asook alle alkoholiese drankies en 'n allemintige vroeë aandklokreël begroet. Die Covid-19-pandemie het 'n hele klompie landsburgers se langverwagte seevakansies en oujaarsvieringe in die wiele gery en die vreugdevure vir die nuwe jaar het toe al laag gebrand.**

In Maartmaand tref 'n aardskuddende skok ons kerkgemeenskap toe ons 'n geliefde lidmaat en oudpredikantsvrou moes groet – onverwags, skrikwekkend en so sinneloos.

Die derde vlaag van die Covid-19-pandemie slaan in Juniemaand toe en die Delta-variant breek soos 'n tsoenami-vloedgolf oor ons. Ons neem afskeid van geliefde lidmate op afsydige of aanlyn gedenkdienste, omdat veilige afstande gehandhaaf moet word en persoonlike kontak beperk word. 'n Gewillige helper by die basaartafel, 'n getroue kerkganger, 'n geliefde pa, 'n lid van 'n Bybelstudiegroep, oudgemeentekinders, nou jongvolwassenes en in die fleur van hul lewens – almal se stemme skielik doodstil. Die res van ons bly verwese en verslae agter met te min woorde om die enorme verlies en hartseer te verwoord.

Te min beddens en te veel pasiënte in hospitale, die angs van pasiënte wat alleen sterf, sonder die vertroosting van hulle geliefdes en die konstante konfrontasie met die dood, word die onmoontlike swaar las wat gesondheidsorgwerkers daagliks moet dra.

Vervolg op bladsy 2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Ons lees boonop gereeld in die nuusblaaie hoe meer en meer jongmense en kinders moed opgee en hoop verloor. Die besef dat depressie ’n verwoestende en wrede siekte is wat nie onderskeid tussen ras en welstand tref nie, maar elke slagoffer met ’n Godsverlate eensaamheid teister, begin geleidelik tot ons deurdring.

Toe breek die gewelddadige onluste ook nog in Juliemaand in KwaZulu-Natal uit en besighede en werksgeleenthede wat vernietig word, sorg vir skokbeelde op TV-skerms.

En in November, in afwagting van die vierde vlaag op die nimmereindige pandemie, trek Suid-Afrikaners te midde van beurtkrag, reënbuie en lang rye by stemlokale, hulle kruisie agter die naam van ’n politieke party in wie hulle nog ’n mate van hoop of vertroue het. Van laasgenoemde is daar toe met die uitslag van die verkiesing min te bespeur en die wegblyers, wat alle hoop verloor het, raak volgens Charles Smith, nuushoof van Volksblad, die grootste nie-amptelike opposisieparty in die land se onlangse plaaslike verkiesing.

Oor die eeue heen het die mensdom na rampe, pandemies, vernietigende oorloë, natuurrampe en ondenkbare verliese, tog herhaaldelik bykans onmenslike groot moed en innerlike krag openbaar deur weer met die lewe voort te gaan.

Hoe is dit moontlik? Is dit slegs omdat daar nie vir ons ’n ander uitweg bestaan as om teen dagbreek weer op te staan en aan te gaan nie, of het dit straks met die Gees van God wat in ons woon, te doen? Die Gees wat Hy in ons geplaas het toe Hy ons elkeen op ons naam geroep het – is dit dalk dié Gees wat ons die unieke vermoë gee om met die lewe voort te gaan? Is dit dalk sy Gees wat ’n mens na soveel trauma die gawe bied om weer te glimlag wanneer jy in ’n baba se gesiggie kyk, die geur van ’n roos inasem, of wanneer jy met dankbaarheid om ’n tafel saam met geliefdes aansit vir ete?

Mag ons elkeen hierdie Kersfees iets van sy Gees in ons lewens beleef en mag die Gees salf op elkeen se rou wonde smeer. Ons ken tog die Kind wat vir ons gestuur is en ook sy lyding. Mag ons op 25 Desember 2021 deur sy genade die geskenk van ’n helder Somerkersfees in hierdie land ontvang.

Job 33:4. *Die Gees van God het my gemaak, die asem van die Almagtige het my die lewe gegee.*

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /
**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519
NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Callie groet, maar bly 'n Stellenberger

Ds. Callie Visagie is een van die gelukkige mense wie se voorkoms glad nie sy ouderdom verraai nie, maar glo dit of nie, hy bereik in Januarie 2022 aftreeouderdom en gaan dan na 39 jaar in die bediening as leraar van die NG Kerk, uittree. Hy was 25 jaar en een maand lank leraar by Stellenberg-gemeente en *Stellenberger* het met hom gesels oor die wel en wee van 'n leeftyd se diens aan 'n gemeente en sy mense.



Marieta vertel dat Callie altyd besig is om iets in die kombuis aanmekaar te slaan. As dit nie die befaamde fudge is nie, waag hy sy hand aan skuinskoek. Dié lekkerny is veral gewild in die Hantam, Noord-Kaap en verg 'n besondere slag om met sukses gemaak te word. Die foto is deur Marieta geneem om vir die Vosburgers te wys Callie maak hulle kontreikos.

**Jy is nou al 25 jaar (en een maand) 'n voltydse leraar van Stellenberg-gemeente en voorheen was jy 'n predikant in Wellington. Hoe het jy destyds oor die beroep na 'n stadsgemeente gevoel en wat het die deurslag gegee dat jy die beroep aanvaar het?**

Na 14 jaar in 'n wonderlike gemeente het die beroep na Stellenberg 'n goeie geleentheid vir my gebied om te skuif. Ek het destyds op 'n aanhaling afgekom wat lui: *A paradise that you cannot leave, is hell*. Ek glo dat hierdie beginsel in enige gemeente geld, die konteks en toepassing verskil net. Die behoefte om lidmate se persoonlike verhouding met die Here te bou, om ruimtes vir samesyn (onderlinge verbondenheid in 'n geloofsgemeenskap) te skep en die uitlewing daarvan in die kerk, maar ook in die samelewing en op persoonlike vlak, was deur my hele bediening my dryfveer.

**Wat was aanvanklik vir jou die grootste verskil tussen die plattelandse en die stadsgemeente?**

Die kerkraad – bestaande uit ongeveer 200 lede. Dit was gelykstaande aan die totale aantal besoekpunte wat ek in Wellington bedien het!

**Watter ander loopbane het jy oorweeg, indien jy nie teologie sou gaan studeer het nie?**

Ek was ingeskryf vir BRek by die Universiteit van Stellenbosch en my kamermaat het dit uiteraard ook studeer. My roeping om voltyds vir die Here te werk, het ek in die laaste gedeelte van my weermagopleiding in Bloemfontein ontvang en dit het uiteindelik daartoe gelei dat ek van kursus verander het.

**Jy ken ontsettend baie mense in die gemeente. Hoeveel huisbesoeke skat jy het jy jaarliks (voor Covid-19 ons getref het) aan gemeentelede gebring?**

My eerste kollega, oom (dr.) Hennie Conradie, het 'n groot invloed op my gehad en hy het my motiveer om ten minste elke dag met drie lidmate of gesinne kontak te maak. Party dae was dit meer en ander dae weer minder, maar bereken teen 'n gemiddelde van drie besoeke per dag, sewe dae van die week, is dit 'n heel realistiese weergawe van die aantal besoeke wat ek jaarliks gedoen het.

Vervolg op bladsy 4 . . .

**Wat is vir jou lekker aan 'n huisbesoek by lidmate?**

Jy as leraar word inderwaarheid meer deur so 'n besoek geseën as die mense wat besoek word! In my jong dae toe die drif en drang sterker teenwoordig was, het ek myself teen enkele mense "vasgeloop", maar dit bedaar gelukkig soos 'n mens ouer word en met my bediening in Stellenberg was dit net altyd vir my 'n ongelooflike voorreg dat mense hul huise en harte oopmaak en dat ek op dié manier kon deel raak van hul lewensreis.

**Leraars beleef dikwels mense se vreugdes en swaarkry saam met hulle. Hoe het dit jou beïnvloed?**

Dit is een van die grootste voorregte van predikant wees. Die voorreg om 'n salaris te verdien terwyl 'n mens by die vreugdes en swaarkry van mense betrokke kan wees. Om vir mense te kon bid, om saam te lag, te huil en te deel in die lief en leed van ander. Weinig ander beroepe bied aan iemand die besondere voorreg om aan mense se lewens te help bou en so op 'n beskeie wyse gestalte aan die liefde van Jesus te gee.

**Jy is baie lief vir sport en het jare lank rugby gespeel, fiets gery en muurbal gespeel. Watter van dié sportsoorte is jou eerste liefde en hoekom?**

'n Mens beleef verskillende seisoene in jou lewe – ook wat fisiese oefening betref. As 'n mens 'n sport beoefen, voel dit vir my jou hart moet darem vinniger klop, met respek gesê teenoor die gholfspelers. Elke keer as ek op die muurbalbaan is, voel ek ongelooflik bevoorreg, dankbaar en geseënd om ten spyte van die jare wat agter my lê, te reken dat daar moontlik nog vele goeie, aktiewe jare vorentoe wag. My lyf sal seker die finale bepalende faktor wees oor wanneer ek my huidige voorkeursport sal moet laat vaar.

**Jy het 'n besondere liefde vir die digkuns. Hoe en waar het dit ontstaan en wie is jou gunstelingdigters?**

Ek het onlangs by die feesmark my standerd 10-Afrikaans-onderwyser raakgeloop en ek kon hom bedank vir sy invloed in dié verband. Gunstelinge? Sheila Cussons, Lina Spies, te veel om op te noem.

**Het jy 'n mentor, of 'n rolmodel? Watter waarde het die persoon tot jou lewe toegevoeg?**

Ek het diep nagedink oor dié vraag en besef daar is nie iemand spesifieks nie, maar eerder talle. Ek is baie lief vir die aanhaling: *I am a part of all that I have met*. Ek kan vele mense opnoem wat 'n diep indruk op my gemaak en diep spore in my lewe getrap het. Ek voel bevoorreg dat ek in my lewe deur wonderlike mentors, kollegas, bure, vriende en selfs kinders, omring word.

**Jy laat dit altyd baie maklik klink om vyf kinders groot te maak. Wat is jou filosofie rakende die opvoeding van kinders?**

Ek dink twee dinge. Eerstens, ouers probeer hul bes om die regte voorbeeld vir hulle kinders te stel en om hulle na die beste van hulle vermoë op te voed, maar dan is die uitskoms daarvan uiteindelik in die Here se hande. Daar is geen waarborge of 'n volmaakte resep nie.

En dan die tweede kan saamgevat word met dié aanhaling van Leslie Stephen: *The only way in which one human being can properly attempt to influence another is to encourage him to think for himself, instead of endeavouring to instill ready-made opinions into his head.*

Vervolg op bladsy 5 . . .

**Om 'n oupa te wees is 'n groot voorreg. Wat is vir jou die lekkerste omtrent oupa-wees?**

Om deel te wees van 'n ketting van geslagte en ook om te sien dat 'n mens se kleinkinders met dieselfde waardes grootgemaak word as waarvoor jy staan!

**Aan watter tydgleuf in jou lewe en jou bediening dink jy met heimwee terug?**

Ek moet bely aan geeneen spesifiek nie. Ek was begenadig om elkeen op 'n besondere manier met vele mense te kon beleef en ervaar. Die lewensfase waarin ek nou is, is op sy eie manier vir my baie besonders.

**Toe jy destyds in Amerika gaan ploeg het, was dit vir daardie jare nogal 'n groot avontuur wat heelwat mannemoed geverg het. Wat het die tyd in die vreemde vir jou beteken en hoe het dit jou uitkyk op jou lewe hier in Suid-Afrika verander?**

Ek het besef dat ek ook kan oorleef as ek alleen is! Ek het ure en ure alleen op 'n trekker deurgebring. Ek het al meermale daarna verwys as die mees spirituele en betekenisvolle tyd in my lewe én in my verhouding met die Here. Maar dit was nie noodwendig aanvanklik die bedoeling met die ervaring nie. In die vier maande wat ek daar was, het die Here my met nuwe oë na myself, my voorregte, opvoeding, familie, gemeente en ons land laat kyk.

**Mense wat jou goed ken, sal weet jy sien meestal die glas halfvol en het die vermoë om baie min of geen probleme, in situasies te sien. Hoe het jy dié besondere ingesteldheid om kwessies altyd in 'n positiewe lig te sien, ontwikkel?**

Ek is dankbaar as iemand reken dit is my lewensingesteldheid. Persoonlikheid, blootstelling en positiewe mense rondom jou is alles bydraende faktore om 'n gemeenskap (en gemeente) met veerkragtige mense te skep.

**En dan daardie befaamde fudge-resep! Wat is die geheim vir die romerige, sagte en hemels-heerlike fudge – soos net jy dit kan maak?**

Wat my nederig hou, is die feit dat ek al baie meer vir my fudge-resep as vir my preke gekomplimenteer is! Die resep is geen geheim nie en ek het dit ook jare gelede "uitgelap" toe kollegas hulle gunstelingresepte voor een van die gemeentebasaars moes deel. Wat ek nooit besef het nie, is hoe ingewikkeld kosmaak is. Daar is vele veranderlikes wat in berekening gebring moet word om van iemand 'n connoisseur te maak al dan nie. Die geheim van fudge lê onder meer in die klop!

**Jy en Marieta gaan na jou aftrede binne die gemeentegrense in jul woonhuis aanbly. Het julle spesifieke aftreeplanne soos om te reis, of stokperdjies wat afgestof gaan word?**

Ons gaan graag baie lojale gemeentelede bly. Ons wil graag meer reis en om my besig te hou, het ek heelwat planne in die pyplyn. Ons vertrou dat ons na aftrede op 'n ander vlak diensbaar kan wees, en sin- en betekenisvol kan leef.

# Die hart van die feesmark is die mense




**Karen Visagie en Lindy van Wyk de Vries het vanjaar die groot taak aangepak om die feesmark te reël en dit boonop in die onseker en uitdagende landskap wat deur die Covid-19-pandemie geskep is.**

Karen sê dat die eerste besluit wat sy en die feesmarkkomitee geneem het, was om die onkoste verbonde aan die mark so laag as moontlik te hou. "Aan sekuriteit, personeel en die gerekenariseerde betaalsisteem by kasregisters kan 'n mens nie besnoei nie, maar ons het wel vanuit die staanspoor besluit om nie die groot tente te gebruik nie. Ons sou buitendien nie toestemming by die munisipaliteit ontvang het om dit te mag opslaan nie en dit alleen het dus 'n besparing van R280 000 meegebring. Die bemarking van die feesmark is ook net op gratis sosialemediaplatforms gedoen en die enigste advertensiekoste wat aangegaan is, was om die advertensieborde aan lamppale te heg.

"Na baie dinkwerk is die uitleg van die mark heeltemal verander en dit het ons in staat gestel om 290 uitstallers te akkommodeer, wat slegs 60 uitstallers minder was as tydens die laaste groot feesmark in 2019. Ons het baie komplimente vir die nuwe uitleg ontvang en baie besoekers het gevra dat dit asseblief in die toekoms so behou moet word. Alhoewel besoekers die ou restaurantarea gemis het, het sommiges weer die nuwe opsie met die kostrokke en kosstalletjies verkies. Daar was wel versoeke vir meer gesonde etes. Ek het klaar 'n paar planne in my agterkop oor hoe die restaurant en aanbieding van die kosstalletjies vir volgende jaar ingerig kan word."

Lindy vertel weer dat dit op die eerste dag van die feesmark doller as kopaf gegaan het. "Ons het byvoorbeeld tussen betaalpunte rondgehardloop met kodes van produkte wat nie wou skandeer nie. Maar na die eerste dag het dit beter begin gaan en teen die derde dag het dit begin voel alles is onder beheer en ons kon toe met gemak aan probleme wat opduik, aandag gee. Die verkope van produkte was bo verwagting goed en uitstallers is dit almal eens dat vanjaar s'n een van hulle mees winsgewinde markte nog was.

"Van die topverkopers was kaas, kouevleisprodukte, pasteie, fudge, samoesas, gebak van die Holland Bakery en mosbolle. Lekkernye en kositems bly maar bobaas wanneer dit kom by die items wat mense kies om in hulle mandjies te laai. Van die uitstallers wat juwele en leerhandsakke verkoop, het ook baie goed gevaar."

"Vandat ek nou self by die feesmark betrokke is en die uitstallers en hulle persoonlike omstandighede leer ken, verstaan ek vir die eerste keer dat hierdie feesmark nie net 'n fondsinsamlingsprojek vir die gemeente is nie, maar 'n volwaardige uitreikprojek," sê Karen. "Tussen die mure van hierdie sale en op ons eie kerkterrein, reik ons in werklikheid oor alle grense heen uit – hoe vreemd dit ook al mag klink.

Vervolg op bladsy 7 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 6

"Soveel uitstallers kry werklik swaar en vir hulle beteken die inkomste wat hulle op die mark genereer, die verskil tussen oorlewing en ondergang.

"Ek kan soveel stories opnoem – elkeen bly vir my hartverskeurend. Daar is byvoorbeeld die enkelma wat verlede jaar tydens die grendeltyd geskei is en desperaat kom smeek het vir 'n geleentheid om 'n paar rand te verdien. Deur die genade het sy met die verkoop van eenvoudige roomysies wonderlike seën op haar ondernemingsgees beleef. Dan ook die Karooboer wat met sy biltongstalletjie liggaam en siel aanmekaar probeer hou – ons verstaan tog almal Karooboere se lot. En die oom wat op amper 80-jarige ouderdom houtspeelgoed maak en van soggens sesuur tot saans agtuur gewerk het om sy marktafel vol voorraad te hou. Hy het met trane van dankbaarheid kom sê hy kan omtrent nie meer voorbly met die maak van speelgoed nie.

"Dít is die hart van die feesmark. Die spil waarom alles draai. Dit gaan oor mense en die geleentheid wat ons as gemeente het om hiér, op ons eie werf, 'n verskil in ander mense se lewens te maak."

# Gebottelde hoop . . .




Die gemeente se hande-en-rande-groep bestaan uit 'n groep weldoeners wat weekliks verantwoordelikheid aanvaar vir die voorbereiding, kook en uitdeel van liters en liters sop aan minderbevoorregte gesinne.

In die laaste kwartaal van dié jaar pak hierdie groep ywerige helpers toe sommer nog 'n projek aan en besluit om leë glaskoffieflesse met droë sopbestanddele te vul. "Die flesse-vol-hoop, soos die projek bekend staan, bied aan vier mense 'n maaltyd," sê Anéne Nortier, projekleier.

"Toe ons die flesse en die droë bestanddele begin insamel, het een van die groeplede voorgestel dat ons die projek by die gemeente se feesmark bemark. Feesmarkklante is die geleentheid gebied om wanneer hulle vir hul aankope betaal, 'n kontantbydrae tot die flesse-vol-hoop-projek te maak. Hulle koop toe as't ware 'n tikkie hoop vir iemand anders in wie se daaglikse bestaan daar min sprake van hoop bestaan."

Anéne verduidelik feesmarkbesoekers kon dus bloot deur die skandering van 'n houtskyfie by die kasregisters, R15 tot die insamelingspoging bydra en met dié inisiatief is die verstommende bedrag van R17 655 ingesamel.

Die flesse-vol-hoop sal in Ravensmead, Wesbank en Khayelitsha onder gesinne versprei word. Die bedrag wat by die feesmark ingevorder is, stel die hande-en-rande-groep nou boonop in staat om ook 'n kospakkie vir die gesinne saam te stel, wat hopelik sal help om die honger tydens die Kersgety in bedwang te hou.

Indien jy graag tot die mooi projek wil bydra, kan jy 'n kontantbydrae tot die hande-en-rande-fonds maak. Bydraes kan oorbetaal word aan: NG kerk Stellenberg, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing HANDE EN RANDE.

# Ons vier 50 genade-jare




"Wat 'n vreugde en voorreg was dit nie om op 31 Oktober, op 'n volmaakte, windstil Kaapse lentedag, die gemeente se 50 genade-jare met 'n buitelugfeesdiens te vier nie," sê ds. Callie Visagie.

"Stellenberg-gemeente se storie is ook deel van soveel lidmate se stories – dope, troues, uitreike, belydenisafleggings, ongelukkig ook begrafnisse. Al die gebeure vorm deel van ons almal se stories. Vir ons as leraarspan was dit 'n wonderlike seën en beslis die kersie op die verjaarsdagkoek dat soveel lidmate die geleentheid kon bywoon, dat die weer perfek was en dat ons die voorreg kon smaak om weer ons oudkollegas en hul gades te sien.

"Ds. Christo Alheit met sy skerp humorsin en gepaste boodskap was een van die hoogtepunte op die feesprogram. Hy het die kollig gedeel met Johannes en Raimondo van Staden-Slabbert se pragtige aanbieding van die Oorwinningslied."





Foto links: Ds. Hanno Ackerman en Daniël Burger plaas die tydkapsule in 'n opening in die kerkmuur. Brenda Visser, kinderwerker, het die boks vol interessanthede wat sommige van 2021 se gebeure weerspieël, gevul. 'n Mens wonder wat die mense in 2041 van die gesigmasker gaan dink?

Foto regs: Oudleraars en kerkkantoorpersoneel het elkeen een van Kallie Vlok ('n lidmaat sedert 1995) se pom-pom-spekboompies wat hy kweek, as geskenk ontvang. Hy het maande lank dié spesiale boompies vertroetel.

# Karin verruil die kantoorlewe vir die buitelewe

**Karin Barter het min bekendstelling nodig nadat sy die afgelope 20 jaar die ontvangstoonbank van die kerkkantoor beman het. Sy vertel dat sy in Oktober 2000 tydelik by die feesmark uitgehelp het en toe is sy die daaropvolgende jaar voltyds by die kerkkantoor aangestel.**



In daardie jare het sy saam met die leraarspan, bestaande uit Bremer Gericke, Koosie Delport, Braam Hanekom, Willem Malherbe, Jacques van Rensburg, Carel van Wyk en Callie Visagie, ingeval.

Karin beoog om einde Januarie 2022 as ontvangsdame van die kerkkantoor uit te tree en die afgetrede lewe saam met haar man, Johnny, te geniet. Sy sê dat sy die interaksie met lidmate en kollegas met wie sy ook op persoonlike vlak verhoudings ontwikkel het, baie sal mis. Die vreemde telefoonoproepe en navrae wat sy dikwels ontvang het, sal haar ook nog lank bybly. Soos die inbeller wat eendag baie verbaas was dat sy nie die pitbullterriër-teler, wat nogal in die Strand woon, se telefoonnommer byderhand gehad het nie. Ook die lidmaat wat jare gelede stemme so goed kon naboots dat Karin met 'n slap riem gevang is wanneer sy haar oproepe beantwoord het. Dan was daar ook gereelde navrae vir loodgieters, boukontrakteurs, ens. met inbellers wat byvoeg dat hulle maar die kerkkantoor met dié navrae kontak, aangesien Karin van alles weet.

Sy sê dat dit vir haar moeilik is om na 20 jaar te groet, maar sy sien ook uit na die nuwe lewensfase. Noudat verlofdae en skoolkwartale nie meer haar en Johnny se kalender gaan dikteer nie, kan hulle wanneer die weer belowend lyk en die natuur wink, die boswaentjie pak en in die pad val. Hulle beoog om onder andere ons mooi land met hulle gerieflike boswaentjie te verken. Hulle geniet kuiers soos in die Kgalagadi Oorgrenspark en is entoesiastiese dierekykers.

# Sondae is malhare-dag by Stellenberg



**Brenda Visser, kinderwerker, het op Sondag 7 November gesorg vir 'n bietjie kleur by die Annibrand Junior-groepe met haar helder gekleurde haardos wat enige reënboog maar bleek sou laat vertoon.**

Langs haar op die foto staan Jacques Holtzhausen met sy lekker dik bos *dreadlocks.* Jacques woon in Delft en het by Stellenberg-gemeente betrokke geraak nadat hy en ds. Why Duvenhage mekaar ontmoet het.

"Jacques verkoop swartsakke in woonbuurte," vertel Why, "en ons het mekaar sommer so op straat raakgeloop toe hy swartsakke aan my verkoop het. Ek het gesien daar steek iets in hom, met hom begin gesels en toe 'n pad met hom begin stap. Hy het my van sy lewe as 'n dwelmverslaafde vertel en hoe hy nou al tien jaar lank gerehabiliteerd is.

"Ek het hom eers na die mannegebedsgroep uitgenooi, waar hy toe elke Donderdagoggend klokslag om sesuur met sy gehawende motorfiets of karretjie opgedaag het. Toe begin Jacques Stellenberg se eredienste ook bywoon, het hom daarna as 'n eredienswerker aangemeld en is sedertdien Sondag vir Sondag op sy pos by die oggenddiens.

"Sy agtergrond en die omstandighede waarin hy grootgeword het, is so donker en hartseer, dat ek vermoed dit sal vir die meeste van ons lidmate ondenkbaar wees om hulle sulke gebeure as iemand se werklikheid te kan voorstel. Maar ten spyte daarvan is Jacques altyd blymoedig, altyd bereid om te help en nie lui om enige werkie te verrig nie. Sy betrokkenheid by Stellenberg-gemeente is sy grootste trots."

# So lyk eredienste in 2022

Deur: Ds. Marius Breytenbach



**Na meer as 18 maande van konstant veranderende Covid-19-grendelmaatreëls, waartydens ons noodgedwonge aanpassings aan eredienste moes maak, hoop ons om in 2022 uiteindelik weer terug te keer na ons ou eredienstye. Ons is baie dankbaar dat ons ten spyte van die uitdagende omstandighede die afgelope aantal maande, steeds met ons oggend-, familie- en meditatiewe dienste, asook die Relevantdiens, kon voortgaan. Dankie vir almal se geduld en meelewing die afgelope byna twee jaar.**

Ons keer egter nie net bloot terug na hoe dienste voor die inperkingmaatreëls was nie. Die Here het ons almal sedertdien op verskillende wyses verander. Om op 'n Sondag kerk toe te gaan is iets wat ons voorheen as vanselfsprekend aanvaar het. Elke keer wanneer ons as predikante op 'n Sondag voor 'n handjie vol mense in die kerk en 'n groot aanlyn gehoor staan, word ons diep geraak deur mense in ons gemeenskap wat seer het, swaarkry en groot verliese moet hanteer. In ons preke is ons tot eenvoud gedwing en het woorde soos God se genade en liefde vir ons op nuwe maniere betekenis gekry.

Hierdie belewenis resoneer dan ook in die terugvoer van ons onlangse gemeentevraelys, waarin 'n groot aantal lidmate getuig dat hulle in die afgelope twee jaar wel geestelik gegroei het en die omgee van ander mense opnuut ervaar het. Ook is bevind dat met ons aanlyn dienste kon 'n nuwe groep mense, waarvan sommige ver woon, elke Sondag by ons dienste inskakel. Alhoewel 'n groot getal lidmate aangedui het dat hulle wel in die toekoms weer ons dienste in die kerk wil bywoon, was daar ook 'n beduidende aantal wat die behoefte uitgespreek het dat ons steeds met die aanlyn dienste moet voortgaan. Ons bied daarom dan volgende jaar die gewone eredienste, asook aanlyn uitsendings aan.

Vanaf Januarie 2022 keer ons dus terug na die ou eredienstye en begin al ons eredienste op 'n Sondag weer om 09:00, wat die oggenddiens in die kerk, die familiediens in die kleinsaal en die meditatiewe diens in die kapel insluit. Die Relevantdiens bly ook onveranderd om 18:00 Sondagaande. Die kleuter- en peuterkerk in die grootsaal sal ook om 09:00 hervat.

Daar is intussen nuwe fasiliteite in die kleinsaal aangebring, wat ons in staat sal stel om ook voort te gaan met die direkte uitsending van die familiediens. Die oggenddienste is net voor 10:00 klaar en daarna kan kerkgangers in die teetuin en markplein saamkuier, steeds met inagname van die toepaslike Covid-19-veiligheidsmaatreëls wat natuurlik steeds deurentyd by die aanbieding van alle gemeentebyeenkomste geld.

Indien inperkingsmaatreëls weer in die toekoms ingestel word, sal die eredienstye en lokale onveranderd bly. Sou kerkdienste weer moet staak, geniet ons die voordeel dat alle dienste buitendien aanlyn beskikbaar is.

Met die genade van die Here gaan ons die nuwe jaar binne as 'n gemeente wat in vele opsigte wel verander het, maar geestelik gegroei het. Mag ons erediensgeleenthede in 2022 vir elke gemeentelid tot besondere seën wees.

# Die Sonneblom-storie





**“Ons het baie jare lank elke Julievakansie met ’n span jongmense na Prins Albert en spesifiek die gemeenskap in Noordeind, uitgereik,” sê Etienne van Wyk, lid van die Stellenberg Omgeetrust. “Ek het mettertyd ’n onvergenoegde gevoel oor die uitreike begin ontwikkel omdat dit vir my duidelik geword het dat ons jaarliks net ’n pleister op ’n baie dieperliggende probleem gaan plak. Moet my nie verkeerd verstaan nie – die uitreike het wonderlike werk gedoen, maar ek het begin besef dat om werklik ’n langdurige impak te maak, moes iets meer substansieels en permanents gedoen word.**

“Verskillende opsies is oorweeg en vroeëkinderontwikkeling is as een van die probleemareas en ook as die beginpunt vir ’n langtermynprojek geïdentifiseer. Die Omgeetrust wou nie die wiel herontwerp nie en het daarom Shiloh se model en kurrikulum, wat reeds in onder andere die gemeenskap van Klipheuwel gebruik word, ook op Prins Albert geïmplementeer. Die wiele het begin rol en die Sonneblom-skooltjie vir voorskoolse kinders het die lig gesien.”

Dalene Coetzee, die huidige projekleier, vertel dat ’n tydelike skooltjie aanvanklik in die Baptistekerk op die dorp begin is. Met die intrapslag is 10 personeellede aangestel en 80 kinders, tussen die ouderdomme van 2 en 5 jaar, is tot die skooltjie toegelaat. Personeellede het almal reeds gesertifiseerde opleiding by Klipheuwel Preprimêr ontvang.

“In Januarie 2017 is ons nuwe, pragtige skool met die hulp van Shiloh Synergy, die Stellenberg Omgeetrust en ’n paar donateurs van Prins Albert, geopen,” sê Daleen. “Een van ons komiteelede het die naam Sonneblom vir die kleuterskool voorgestel en dit is eenparig aanvaar. In ons nuwe skool met die vrolike naam, kon ons toe 120 kinders akkommodeer.

“Ons beoog om vanaf 2022 ook ’n graad R-klas aan te bied. Twee studente ondergaan tans opleiding by Shiloh in Klipheuwel en hulle sal verantwoordelik wees vir die hantering van ’n klas met 30 leerders. Vir ons studente – een ’n dogter wat in ’n kinderhuis grootgeword het – is die opleiding uitdagend, omdat alles in Engels is en dit boonop hulle eerste kennismaking met tegnologiese onderrig is. Maar dit is so verblydend om te sien hoe hard hulle werk en hoeveel hulle al in die proses gegroei en geleer het.

"Kleuters ontvang daagliks ook maaltye by die skool en daarvoor is 'n voltydse kok ook tot die personeel, bestaande uit 10 onderwysers en 'n tuinman, gevoeg. Ontbyt, 'n vrug later in die oggend en middagete word daagliks aan die kleuters die voorsien. Drie dae se middagetes word deur die *Thursday Group* voorsien en geborg en die ander twee dae is ons kok, Charlotte, verantwoordelik vir die etes.

"Volgens my waarneming is tienerswangerskappe, dwelmmisbruik en kinders wat die skool vroeg verlaat, van die grootste maatskaplike probleme wat in Prins Albert voorkom. Die meeste van ons ouers probeer hulle kinders na die beste van hulle vermoë grootmaak, maar die meerderheid ouers is werkloos en afhanklik van maatskaplike toelaes. Ouers wat wel werk, is huiswerkers of doen tuinwerk. Daar is darem twee ouers wat onderskeidelik by Absa en die plaaslike hospitaal werk.

"Die bedryf van die kleuterskool het maar uitdagings. Kwajongens het al oor naweke ons ruite uitgegooi en 'n beskermende net sal help om dit te voorkom. Ek sou ook graag 'n skadunet oor die speelarea wil oprig, maar alles sal mettertyd kom."

Daleen sê dat die skooltjie se bedryfskoste wat gas, elektrisiteit, kos, ens. insluit, hoog is, maar ten spyte van al die uitgawes, die baie dingetjies wat nog ontbreek en probleme wat opduik, weet en sien sy dat die skool 'n groot verskil in die gemeenskap maak.

*Sonneblom-kleuterskool is beslis een van die boublokke vir 'n beter toekoms vir elke kind wat die geleentheid kry om vir vier jaar deel van dié mooi projek te wees. Dit moet en sal 'n verskil in elkeen van hulle se lewens en uiteindelik ons land en wêreld maak. – Red.*

# Wat moet jy in 2022 van die Annibrand-jeugbediening weet?

**Registrasie vir Annibrand Senior en Junior (kategese).** Registreer jou kind/ers aanlyn vir kategese. Die registrasieproses kan via die gemeente se webwerf (www.stellenberg.co.za) gedoen word. Die skakels vir die registrasieproses sal vanaf Maandag 17 Januarie 2022 op die webwerf beskikbaar wees.

Die aanlyn proses is vinnig en ouers kan dit op hulle tyd en in die gerief van hul eie huise doen. Diegene wat egter verkies om hulle kinders persoonlik te laat registreer, kan dit die eerste drie Sondae van die eerste skoolkwartaal na die familiediens doen.

"Ons besef die registrasieproses is rompslomp vir ouers, maar dit help ons baie om te weet vir hoeveel kinders ons elke jaar voorsiening moet maak," sê ds. Hanno Ackerman, jeugleraar. "Ons wil nie graag net volgens vorige jare se syfers beplan nie, aangesien daar heelwat wisseling plaasvind. Ons is baie dankbaar vir ouers en tieners se samewerking in die verband."

**Hulp by kleingroepe (kategese).** "Ons het altyd kleingroepleiers by alle graadgroepe nodig," sê Hanno. "Indien jy by jou kind se leefwêreld betrokke wil raak, gebruik die geleentheid om by ons span kleingroepleiers aan te sluit. Jy gaan jou kind se maats op 'n persoonlike vlak leer ken en die impak wat jy op jou eie kind en ander kinders se geloofslewe kan hê, sal werklik 'n verrykende ervaring wees. Voorbereiding vir byeenkomste is regtig baie eenvoudig en gaan baie min van jou tyd in beslag neem."

**Ontwikkeling van leierskap.** Volgens Hanno word beoog om die graad 7-groep en die graad 12-groep as hulpleiers, of mentors, by kategese-kleingroepe te betrek. Sodoende word die twee groepe die geleentheid gebied om diensbaar te wees en leiersvaardighede word ontwikkel. Jongmense verkies ook om na mekaar te luister en die goeie invloed deur iemand vanuit hulle eie portuurgroep, kan 'n besonder positiewe uitwerking hê.

**Dagkampe.** "Skoolkwartale is stampvol en veral sportprogramme laat deesdae min tyd vir kategesekampe toe," sê Brenda Visser, kinderwerker. "Daarom het ons besluit om dagkampe op Sondae vir ons Annibrand Junior-groep aan te bied. Ons eerste toetslopie vir 'n dagkamp is op Sondag 5 Desember by die Taaibosch-avontuurkampeerterrein, net buite Durbanville. Dit is 'n lekker vrolike en gesellige manier om die jaar mee af te sluit. Ek is baie opgewonde oor die dagkampe en die Taaibosch-kampeerterrein is pragtig, baie goed geleë en bied dus volop moontlikhede vir ons bediening."

**Graad 8-kamp.** Die jaarlikse graad 8-kamp word tans voorlopig vir 14 tot 16 Januarie 2022 beplan. Hanno verduidelik dat die bediening in die lig van die Covid-19-pandemie deurentyd aanpasbaar en veerkragtig moet wees. Daarom word met die oog op moontlik veranderende omstandighede, ook voorsiening gemaak vir alternatiewe kampreëlings en is dit dan ook so aan Hoërskool Stellenberg voorgelê.

**Idees en voorstelle**. Stuur gerus idees en voorstelle rakende die jeug- en kinderbediening aan hanno@stellenberg.co.za of brenda@stellenberg.co.za.

# 2022 – 'n Jaar van "behoort" in Stellenberg

Deur: Ds. Marius Breytenbach



**Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe? In Romeine 14:7-9 antwoord Paulus: "Niemand van ons leef tog vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie. As ons lewe, lewe ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe of sterwe, ons behoort aan die Here".**

Die ervaringe van die afgelope twee jaar het hierdie realiteit op soveel verskillende maniere tot gelowiges laat deurdring. Alhoewel ons voor soveel nuwe uitdagings gebring is en sommige intense hartseer en trauma moes deurmaak, is ons tog deur die Here op hierdie punt gebring waar ons saam 'n nuwe jaar in gaan. Dit bring 'n mens by nog 'n betekenis of komponent van "om te behoort".

Ons word juis nou opnuut deur die Here geroep om met liefde, vreugde, vrede, geduld, nederigheid, sagmoedigheid en verdraagsaamheid in ons hede te leef. Om te behoort is dus nie in die verband 'n opdrag nie, maar eerder 'n spontane reaksie wat in ons ontstaan.

"Ons behoort" is ons gemeente se fokus in 2022. Juis daarom nooi ons jou om ons eredienste op Sondae te kom ontdek en beleef, saam met die saamkuier agterna. Daar is ook gebedsgeleenthede, die Bybelskool en kategese waarby jy kan inskakel om deel van 'n geloofsgemeenskap te wees en waar jy die troos dat jy aan die die Here behoort sal ervaar. Dit sal ons elkeen inspireer om met 'n verskil in 2002 te leef.